STANDAARD VAN VOORTREFLIKHEID VIR BRAHMAN BEESTE - WAARDERING VAN GEBREKE - 2018

BEOORDELING OP SKOUE

1. SKEWE GESIG OF NEUS

Ligte tot ernstige diskriminasie afhangende van graad.

2. SKEWE BEK, SKEWE KAKEBEEN

Meer as 'n volle tand van middel af **- DISKWALIFIKASIE**

3. OORMATIGE LANK OF KORT ONDERKAAK

DISKWALIFIKASIE - waar tande nie teen die kussing kan byt nie (mag nie meer as 5 mm kort byt of oor byt nie). Die dier moet gebek wees deur tegniese personeel of die beoordelaars self.

4. BENE

(a) Patella fiksasie (verkeerdelik ook bekend as "stringhalt") (Rukkings in agterbene) - **DISKWALIFIKASIE**

(b) Regop hakke - (reguit hak met geen buig) - **DISKWALIFIKASIE**

(c) Koeihakke - (punte van hakke bymekaar, gewoonlik gepaardgaande met tone wat sywaarts wys). - Ligte tot ernstige diskriminasie afhangende van graad.

(d) Sekelhakke - (onderkant van agterbene erg na vore gebuig vanaf hakgewrig) - Indien graad van sekelhakkigheid beweging van dier benadeel – **DISKWALIFIKASIE**

(e) Gebuigde voorbene - (Knieë bymekaar (X-benig), tone na buite of bakbene - Ligte tot ernstige diskriminasie - By erge gevalle **DISKWALIFIKASIE**

(f) Bakbene (bandy legs)

(g) Swak kootgewrigte

(a) Ernstige diskriminasie - by erg gevalle (wanneer by-kloutjies die grond raak) - **DISKWALIFIKASIE**

(b) Kort stywe regop kootgewrigte - Ligte tot ernstige diskriminasie - Erge gevalle - **DISKWALIFIKASIE**

5. KLOUE

(a) Klein gedraaide tone (dikwels gepaardgaande met oneweredige druk)

(b) Rolkloue ernstige diskriminasie.

6. GEBREK AAN GROOTTE

Ligte tot ernstige diskriminasie afhangende van graad. Enige tekens van oordrewe ponieagtige of dwergagtige eienskappe - **DISKWALIFIKASIE**.

7. AFWYKINGS VAN GESLAGSORGANE

(a) **Bulle**

(i) Hipoplasie (Een teelbal onderontwikkeld) - **DISKWALIFIKASIE**

(ii) Slegs een teelbal Chryptorchidisme - **DISKWALIFIKASIE**

(iil) Gedraaide teelballe - ligte diskriminasie

(iv) Klein onderontwikkelde teelballe - ernstige diskriminasie - in erge gevalle - **DISKWALIFIKASIE** (*Gebruik Brahdex Tabelle as riglyn*).

(v) Gesplete skrotum – ligte diskriminasie

(vi) Gebrek aan algehele manlikheid by bul - ernstige diskriminasie tot **DISKWALIFIKASIE**

(vii) Testes (split) verdeling mag nie meer as 5cm wees nie

(b) **Koeie**

(i) Klein onderontwikkelde geslagsorgane - ernstige diskriminasie

(ii) Oorontwikkeling van voorkwart, kort nek, prominente borsstuk, harde vetaanpakking van borsstuk, heupe, sitbene en oneweredige vetaanpakking

op ander liggaamsdele, min uierontwikkeling. Wanneer al hierdie eienskappe in een dier teenwoordig is, en gevolglik 'n algehele gebrek aan vroulikheid toon - **DISKWALIFIKASIE.**

(iii) Wanneer enige van die bogenoemde eienskappe apart op 'n vroulike dier voorkom - ernstige diskriminasie.

8. AFWYKINGS VAN ANDER EIENSKAPPE

(a) **SKEDE / PREPUTIUM BY BULLE**

(i) Loshangende skede - ernstige diskriminasie, in erg gevalle **DISKWALIFIKASIE**

(ii) Y vormige skede - **DISKWALIFIKASIE**

(b) **PIGMENT EN KLEUR**

Gebrek aan swart pigment in vel - **DISKWALIFIKASIE**. 'n Afwyking in pigment mag egter by een van die volgende liggaamsdele voorkom naamlik: neusspieël, om die oë, kloue en stertkwas.of onder die stert. Die teenwoordigheid van die volgende kleur word as **DISKWALIFIKASIE** beskou:

(i) Gruella (vuilbruin)

(ii) Briekwa

(iii) Albino (algehele gebrek aan pigment).

(c) **DOCILITY** (senuweeagtige geaardheid) – Enstige diskriminasie in erge gevalle **DISKWALIFIKASIE**

(d) **SPENE BY KOEIE**

(i) Ballonspene (bottelspene) - Ernstige diskriminasie tot **DISKWALIFIKASIE**

(ii) Oneweredige speenplasing – Lig tot ernstige diskriminasie

(iii) Oneweredige speengrootte – Lig tot ernstige diskriminasie

(e) **UIER**

(i) Swak uier aanhegting – Lig tot ernstige diskriminasie

(ii) Swak uier vorm - Lig tot ernstige diskriminasie